# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 SEPTEMBER **No. 03**


**DIE HEILIGE SKRIF PSALM 56:2-11** *Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.*

2. Wees my genadig, o God, want daar is mense wat my jaag, vyande wat my vervolg van die môre tot die aand.
3. Vroeg en laat jaag my teëstanders my, en ek het baie vyande, o Allerhoogste.
4. Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U.
5. In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?
6. Hulle vergal my lewe gedurig met beskuldigings teen my, al hulle bose planne is teen my gerig.
7. Hulle lê op die loer en hou my dop, hulle bly op my hakke, so gretig wag hulle op my dood.
8. Moenie dat hulle ongestraf bly vir hierdie vyandigheid nie! Laat u toorn hulle vernietig, o God!
9. My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.
10. Die dag wanneer ek na U roep om hulp, val my vyande terug. Dít weet ek: God is aan my kant.
11. In God, wie se woord ek prys, in die Here, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen?



# DRAAI VERVLOEKINGS OM IN SEËN!

(Boodskap deur Pastoor S. Sam Selva Raj by die Hoofkerk)

**... ek het die lewe en die dood aan jou voorgehou, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe. Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee en jou lank laat woon ...** (Deuteronomium 30:19-20).

Die basiese en algemene probleem in alle mense is dat ons almal afgedwaal het. Ons het dalk nie moord gepleeg nie, of owerspel, of diefstal, maar ons almal het een spesifieke ding gedoen: ons almal het ons eie koers gekies, ons rug op God gedraai en sonde teen Hom gedoen. In Hebreeus is die 'AWOON,' in Afrikaans vertaal as '**sonde.**' Dit kan verder verduidelik word as '**onwrikbaar**.' Hierdie geaardheid in ons is teen God. Die woorde 'sonde' en 'onwrikbaar' gee nie die volle betekenis van die Hebreeuse 'awoon' nie. 'Awoon' sluit in die gevolge van ons sonde en onwrikbare denke.

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call Postal Courses** for candidates in India only

**THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE** **Bid asb. vir**

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858

E.mail : biblecor@yahoo.co.in

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

**Hy het aan ons gedink in ons vernedering. Aan sy liefde is daar geen einde nie - Psalm 136:23.**

Geliefde broers en susters in Christus Jesus,

Ons groet julle in die wonderlike Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Ons bid vurig dat dit goed gaan met julle. Die Here God het al ons aksies geseën, ook ons 56ste Jaar Konferensie van 9 tot 11 Augustus 2024 waar sy Naam verheerlik is.



*Sister Jenova Elangovan*

Een van ons innige medewerkers in ons Hoofkerk, Suster Jenova Elangovan, die moeder van ons Pastoor E. Kamal Samson, het op 29 Julie 2024 die heerlikheid ingegaan. Sy was 'n toegewyde en hardwerkende vrou in die Hoofkerk. Bid asseblief vir haar gesinslede.

Ons is baie hartseer oor die verskriklike grondverskuiwing weens swaar vloede in 'n plek genaamd Wayanad in Kerala, die Suid-Westelike staat van Indië. Baie mense het geliefdes en besittings verloor. Ons vra nederig van al ons vriende oral in die wêreld vir ondersteuning en herstel.

Kerala is die eerste staat in Indië waar Jesus se dissipel Tomas in 52 nC bedien het. Ons Malayalam redakteur, Benjamin Moses, sy Assistent Mohan Kumar, en ons Engelse redakteur, suster Sajini Cherian, woon daar. Tomas het in Chennai gesterf as martelaar, die stad waar ons **Echo of His Call Bedienings** gevestig is.



*Ev. Benjamin Moses*



*Bro. Mohan Kumar*



*Sis. Sajini Cherian*

Soos julle weet het ons 'n spesiale afdeling in **Echo of His Call Bedienings** gevestig, bekend as **Global Vision for Youth and Kid Care**. Elke dag, presies 10 uur namiddag plaaslike tyd, kom lede van die **Echo of His Call Bedienings** wêreldwyd bymekaar in gebed. Hierdie gebed is kort maar kragtig: **"Ons Here God, waak asseblief oor die jong**

**dogters, seuns en kinders oor die wêreld, in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen"**

Ons nooi jou om saam te kom in hierdie gebedsaksie, waar jy ook al woon.

Hierdie beweging het 'n merkwaardige herlewing in ons Hoofkerk en **St. Paul**



*'n Konferensie gehou by die Hoofkerk*

**Matrikulasieskool** ontketen, veral onder die jeug. Ons ontvang gedurig talle getuienisse van ons vriende oor die aardbol. Op 11 Augustus het ons 'n konferensie gehou vir hierdie jongmense in ons Hoofkerk. Alle eer en heerlikheid aan ons Here Jesus Christus.

Maar terwyl ons entoesiasties en toegewyd voortgaan, is daar tog uitdagings. Die duiwel teiken die gesinslede van ons verskillende bedienings en veroorsaak fisiese en geldelike angs op onbeskryflike maniere. **Echo of His Call Bedienings** ervaar tans ernstige finansiële druk, en ons vra julle dringende gebede. Bid asseblief in julle 10 uur aandgebede ook vir die "**Welfare of the workers and leaders of Echo of His Call Ministries worldwide,**" saam met julle gebede vir die jeug en kinders wêreldwyd.

Ons mikpunt is om naarstiglik te bid en werk vir 'n wêreldwye kragtige herlewing in alle kerke oor alle denominasies heen.

Julle is vir ons kosbaar en ons wil graag innige gemeensaamheid met julle bewerk. Wees vrymoedig om na ons uit te reik en skakel in op ons daaglikse 5 minute program op **Echo of His Call** se YouTubekanaal.

Mag God julle oorvloedig seën.

Met liefde en dankbaarheid,

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM
PS. S. SAM SELVA RAJ
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

---

*verv. v. bls. 1*

Byvoorbeeld, toe Kain sy broer Abel vermoor het, sê hy vir die Here: "**My straf is te swaar om te dra!**" (Genesis 4:13). In hierdie konteks is 'awoon' gebruik vir '**straf**.' Die woord veronderstel Kain se sonde en sy **straf**. In Klaagliedere 4:6 en 13 word 'awoon' ook so gebruik.

**Die sonde van my volk is groter as dié van Sodom wat in 'n oomblik vernietig is sonder dat mense daar 'n hand teen uitgesteek het** (Klaagliedere 4:6).

**Dit het gebeur oor die sondes en oortredinge van die stad se profete en priesters deur wie onskuldige mense daar om die lewe gebring is** (Klaagliedere 4:13).

Ons sien deesdae baie van God se vloeke gebeur in verskeie gesinne. Daar is heelwat onenigheid, misverstand, en verwarring selfs in Christen huishoudings. Ek sal sommige van die vervloekings aandui wat die Here God Self uitgespreek het oor sy ongehoorsame kinders (Deuteronomium 28:20-22, 27-28).

**Die Here sal die vloek oor jou stuur, verwarring en terugslae in alles wat jy aanpak en doen, totdat Hy jou uitgeroei het en jou skielike ondergang bewerk het oor al die verkeerde dinge wat jy gedoen het deurdat jy Hom verlaat het** (vs 20).

**Die Here sal peste en plae aan jou laat kleef totdat Hy jou uitgeroei het uit die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem** (vs 21).

**Die Here sal jou tref met tering, inflammasie en koorssiekte, met hitte, met oorlog en met brandkoring en roes. Dit sal by jou bly totdat jy uitgewis is** (vs 22).

**Die Here sal jou tref met die swere van Egipte, met bloedvinte, uitslag en jeuksiektes, waarvan jy nie genees sal kan word nie** (vs 27).

**Die Here sal jou tref met kranksinnigheid en blindheid en waansin** (vs 28).

## I. Tekens van die vloek!

Wanneer ons die tekens ondersoek wat die teenwoordigheid van 'n vloek aandui, word verskeie manifestasies duidelik:

### 1. Geestelike Depressie!

Mense wat belas is met mislukkings en teenspoed in hul lewens word dikwels oorval met 'n diep belewing van geestelike bedruktheid. So 'n emosionele las

maak dit vir hulle moeilik om normale aksies uit te voer, en dit laat hulle leef in 'n nie-normale toestand. Verder verval sommige mense in 'n staat van verbeeldingsvlugte, en heg betekenisse aan valshede en worstel met goed wat hulle self skep in hul verwarde gemoedere.

## 2. Luiheid!

Sommige verval in leeglê en niksdoen al is daar oorvloedig geleenthede om produktief te wees en gunstige omstandighede vir aksie. Hulle wyt dan hul traagheid aan buite faktore soos om ander te blameer, of aan sekere gebeure wat hulle al ondervind het, en verval dan in 'n siklus van onbetrokkenheid wat hulle dae vul.

## 3. Vreemde Genetiese Siektes!

In sekere gesinne ontvou daar 'n opeenvolging van kenmerkende siektes of oorgeërfde ongemaklikhede wat 'n herhalende patroon vorm in die familie se geskiedenis.

## 4. Herhaalde Misoeste en Onvrugbaarheid!

'n Skrille kontras ontstaan in die bewerking van aanliggende landerye wat beide deeglik voorberei vir plant en saai. Die een land floreer en die ander een bly onvrugbaar, lewer niks op nie al het hulle dieselfde omstandighede beleef en ook goed voorberei is.

Net so is sommige vroue in goeie gesondheid, maar onbegryplik beleef hulle herhaalde miskrame. Ander sukkel weer om swanger te word sonder enige ooglopende rede, en nog ander kry kinders met allerlei gesondheidsprobleme of genetiese ongerymdhede.

## 5. Uitgestelde en Gebroke huwelik!

Verder, dinge soos uitstel om te trou en gebroke huwelike verpes sommige mense. Ten spyte van hul beste pogings bly sommige ongetroud terwyl ander egpare net nie harmonie in hul verhoudings kan behou nie en uiteindelik skei. Hierdie gebrek aan verdraagsaamheid en gewilligheid om wetlike ingryping te kry lei dikwels tot 'n patroon van persoonlike probleme en finansiële uitbuiting deur gewetenlose regspraktisyns.

## 6. Aanhoudende Armoede en Mislukkings!

Gedurige armoede en knaende mislukkings oorval sommige mense wat vasgevang voel in 'n siklus van moeilikhede en teleurstellings. So 'n ongenaakbare sirkelgang kan lei tot wanhoop wat die lewe betekenisloos laat lyk en selfmoord gedagtes aanhits. Daarby, dis asof sommige mense ongelukke aantrek en gereeld in hul lewens ondervind.

# II. Hoe het die Vloek die Mensdom geraak?

Volgens Spreuke 26:2, **... 'n vervloeking gaan by jou verby as jy dit nie verdien nie.**

Hierdie tekens dien as skerp aanwysers dat 'n vloek bestaan, en dit weef 'n verhaal van aanvalle en teenspoed wat in verskeie aspekte van 'n persoon se lewe voorkom.

## 1. Vloeke Manifesteer deur Ongehoorsaamheid aan God se Bevele!

God se vervloeking is al van vroeg in die bestaan van die mensdom daar, met sy ontevredenheid daar in die Edentuin in die tyd van ons voorouers Adam en Eva. Hulle was geseënd, maar hul ongehoorsaamheid het die deur oopgemaak vir God se vervloekings in die mensheid se lewens.

Hulle mag die vrugte van al die tuin se bome geniet het, behalwe een spesiale boom. Maar mislei deur die satan se valse raad het hulle van die vrugte wat God

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE/AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

Medium : Hindi / Tamil

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

*Diploma in Theology*

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër    HAAS JOU VIR TOELATING!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2024 September 19 Tot Oktober 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**September 19** ➲ Vir ons tydskrif wat ons kan druk en uitgee in 16 tale en na die sendingvelde kan stuur.

**September 20** ➲ Dat Hy ons seën met getuienisse weens die 5 minute boodskappe van ons **Echo of His Call** YouTube Mediabediening.

**September 21** ➲ Vir sy seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkollege** en **BybelKorrespondensie kursusse**.

**September 22** ➲ dat Hy ons bediening seën met Hulpredakteurs wat **Echo of His Call** tydskrifbediening ondersteun.

**September 23** ➲ Vir die krag in sy Woord in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en sustergemeentes.

**September 24** ➲ Vir ons Evangelie-drukpers en sy volgehoue diens met vaardige werkers.

**September 25** ➲ Dat Hy ons **Echo of His Call bedienings** seën om in Augustus 2024 in sy 56ste jaar in te gaan.

**September 26** ➲ Vir sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**September 27** ➲ Vir die groei van ons **Bybel Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**September 28** ➲ Senior Pastoor en sy toewyding om die evangelie te versprei deur verskeie bedienings.

**September 29** ➲ Vir sy beskerming van ons **Echo of His Call Bedienings** se personeel en hul gesinne.

**September 30** ➲ Vir nuwe gelowiges in ons Kerk.

**Oktober 01** ➲ Vir die groot toegewydheid van die Sendingwerkers.

**Oktober 02** ➲ Vir seën oor ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin met goddelike beskerming en goeie gesondheid.

**Oktober 03** ➲ Vir seën oor ons **Nehemia Bybelkolleges** wat nou die 2de semester van die huige jaar begin.

## Bid asseblief vir ...

**Oktober 04** ➲ Dat elke alkoholis en kwaaddoener sal oorgee aan God in innige belydenis.

**Oktober 05** ➲ Vir die veiligheid van alle vroue en kinders in die wêreld.

**Oktober 06** ➲ Vir die jeug en uitreik-bedienings van **Echo of His Call**.

**Oktober 07** ➲ Vir goeie gesondheid vir ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**Oktober 08** ➲ Dat ons die onbereikte dele van Indië kan bereik.

**Oktober 09** ➲ Vir volle genesing van suster Renuka van ons Sinhala Magazine Team van haar onlangse ongesteldhede.

**Oktober 10** ➲ Vir gefokusde visies om God se Koninkryk op aarde te bou.

**Oktober 11** ➲ Dat normaliteit sal kom in Wayanad, Kerala, Suid-Indië na die onlangse grondverskuiwings.

**Oktober 12** ➲ Vir ons Vennote en Staatskoördineerders en hul gesinne.

**Oktober 13** ➲ Vir eenheid en vrede in alle lande.

**Oktober 14** ➲ Vir seën oor ons Evangelie Drukpers.

**Oktober 15** ➲ Vir die uitbreiding van ons bedienings en wêreldwye verspreiding van die Evangelie.

**Oktober 16** ➲ Dat die ekonomiese resessie oral in die wêreld sal eindig.

**Oktober 17** ➲ Vir ekonomiese opheffing van afgetakelde mense.

**Oktober 18** ➲ Dat God al die lande met Godvresende leiers sal seën.

*verv. v. bls.4*

verbied het, geëet. Hierdie ongehoorsaamheid van Adam het God se vloek oor hulle tot gevolg gehad. Lees die berig hieroor in Genesis 2:15 tot 3:24.

Ons verkondig aan die mense van die wêreld dat Jesus Christus die Verlosser van die mensdom is. Sy geboorte is aangeteken as 'n geskiedkundige gebeurtenis, soos ook sy sterwe en opstanding. Ons preek dat deur Hom ons sondes vergewe is, en mense moet Hom aanvaar om sy kinders te word. 'n Mens moet God se Koninkryk en sy geregtigheid soek en dan sal aardse seëninge volg. Ons voed mense op om regverdig te lewe en goddeloosheid algeheel te vermy. Maar hoewel miljoene mense hierdie goddelike boodskap hoor is daar min wat daadwerklik so doen en Jesus Christus aanneem as persoonlike Verlosser, en gedoop word in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, en gelei word deur die Heilige Gees.

Daarby leer ons Christene om ag te gee op Jesus se leringe, om sy leefstyl na te volg en Hom te dien. En hoewel jy mag hoor, is daar dikwels huiwering om in die praktyk so te doen. Die Kerkgebou is 'n heilige plek van aanbidding vandat jy inkom. Dis belangrik om op aanbidding gefokus in te kom, sonder onheilige gedagtes en motiewe. Onthou om jou selfoon af te skakel sodat dit nie aandag aftrek of die aanbiddingsbelewenis versteur nie.

Gedrag en Kleredrag by die Samekoms:

Trek asseblief stemmig en fatsoenlik aan, vermy klere wat onvanpaste gedagtes by ander kan ontlok.

Vermy optredes wat kan lei tot onvanpaste verhoudings.

Mans moet liewer nie hul hare ongewoon lank laat groei soos vrouens s'n nie, en vroue word aangemoedig om nie kort haarstyle soos mans te volg nie.

Wees betyds vir die kerkdiens en bly tot die einde, en betoon eerbied vir die dienste wat gehou word.

Sulke optrede is vir die Here aangenaam.

Houding teenoor die Prediking:

Sommige mense hou dalk nie van sulke leringe nie en verkies kerke wat meer gemaklike leefstyle voorstaan. Hulle soek gemeentes met groot skares waar hulle onopgemerk kan leef soos hulle wil.

Gevolge van afwyking van Geregtigheid:

'n Leefwyse teenoor morele riglyne laat mens vra na hoe God sy ontevredenheid kan weerhou. So 'n afwyking loop uit op baie geloofsleiers sonder visie, wonderwerke en geloofwaardige geestelike ontmoetings. Baie uitgesproke gelowiges het ook nooit 'n egte verlossings-ervaring gehad nie.

Die voortgaande toestande in kerke vertoon die gevolge van goddelike vergelding.

## 2. Self-Opgelegde Vloeke!

Spreuke 6:2 praat van ... **vasgevang deur jou eie woorde, ...** en dit illustreer hoe woorde wat jy uitspreek jou lewe beïnvloed.

Uitlatings soos wense om nie oud te word nie of oorweging van selfmoord kan ernstige naslepe hê, selfs al is dit grappenderwys gedoen om ander te intimideer. Baie mense het al tragies gesterf nadat hulle sulke dinge gesê het.

In sommige huishoudings kritiseer mans dalk hul vrouens se kos voorbereiding of bevraagteken die kwaliteit van die kos, selfs so erg as dat hulle meen dit is gevaarlik om dit te eet. Dis belangrik om te besef dat mense wat so praat eintlik hul eie lewensverwagting daarmee bepaal. Soortgelyk, sommige ouers vergelyk hul kinders ongunstig met die kinders van die buurt, en gebruik kras woorde om hul eie nageslag te verneder. Hierdie skadelike gedrag beïnvloed die kind se selfbeeld en bewerk negatiewe uitkomste in hul lewens.

Apostel Petrus het 'n soortgelyke situasie beleef soos beskryf in Markus 14:66-72. Terwyl hy in die binneplein van die hoëpriester was, het hy sy verbondenheid met Jesus drie keer ontken. Die laaste keer het hy selfs gevloek en gesweer hy ken Hom nie. Hierdie roekelose gedrag het uitgeloop op 'n self-opgelegde vloek. Hy het onbewustelik die gevolge van sy eie woorde op homself gebring en het dit later bely en diepe berou gehad oor sy aksies.

'n Verhelderende oomblik was drie dae later toe vroue Jesus se graf besoek het en ontmoet is deur 'n engel van God. Die engel het hulle aangesê om die dissipels in te lig, in besonder Petrus, dat Jesus opgestaan het en hulle in Galilea sal ontmoet (Mark 16:7). Hierdie gebeurtenis laat die gevolge van Petrus se woorde uitstaan, want hy was toe nie meer herken as Jesus se dissipel nie. Deur sy eie woorde en aksies het Petrus die voorreg verbeur om bekend te wees as 'n Jesus dissipel.

In sy oorvloedige genade het Jesus na die Galilea-meer gegaan om Petrus te ontmoet en weer sy dissipel te maak. Petrus het Jesus drie keer verloën, en daarom het Jesus hom drie keer gevra: "Petrus, het jy my lief?" (Johannes

21:15-17). Hy het geantwoord: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet," maar was tog hartseer dat Jesus drie keer gevra het. Maar hy het nie besef dat Jesus het sy drie ontkennings gekanselleer deur hom drie keer te vra om sy liefde te verklaar nie. So het Jesus vir Petrus begelei om sy sonde van ontkenning drie keer te bely, en hom so weer as dissipel te bevestig.

Dit Israeliete het geluister na Jesus se onderrig, maar het Hom nie aanvaar nie. Toe Jesus voor Pilatus was, het hy geen skuld by Jesus gevind nie en wou Hom vrylaat. Maar die Jode het geskree: "Kruisig Hom ... sy bloed is op ons en ons kinders" (Matteus 27:22, 25). Deur hul eie woorde het die Jode 'n vloek oor hulself gebring. Die geskiedenis wys dat die Romeinse weermag Jerusalem binne een geslag oorgeneem het, en tot vandag toe is die Jode versprei oor die aarde.

## 3. Stel afgode gelyk aan die lewende God en vloeke sal volg!

**"Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat," ...** (Eksodus 20:4-5).

Ons begryp dat hulle wat afgode gelyk stel met die lewende God, word sy vyande. In verwaandheid verbeeld hulle God met verfoeilike skepsels soos slange, ape en olifante. Deur die Almagtige God, die God van die gode en Koning van konings te beledig met vergelyking met nietige en verganklike wesens, laat hulle God se woede opvlam, en Hy sal sulke afgodsdienaars tot in die derde en vierde geslag oordeel.

Laat ek verder verduidelik. As jy 'n leier wil vereer met 'n blomkrans, sal jy die blomkrans aan 'n beeld van 'n aap hang? Dit sal die een wat jy wil vereer net onteer. Oordink dit bietjie. Die Bybel leer ons: **Daarom, my geliefdes, moet niks met die afgodsdiens te doen hê nie** (1 Korintiërs 10:14). Ignorering van hierdie goddelike gebod sal beslis vloeke op jou laai. Oordink dit, en besluit dan.

## 4. As jy nalaat om jou pa en ma te eer, sal dit vloeke meebring:

**"Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.** (Exodus 20:12). Hierdie vers veronderstel dat jou lewe op aarde korter sal wees as jy nie jou ouers eer nie. Wanneer God praat van "lank bly woon" bedoel Hy dat Hy genoegsame finansies, gesondheid, 'n eensgesinde gesin en gemoedsrus sal gee. Slegs met sulke seëninge kan ons werklik 'n lang en volle lewe hê.

Deesdae se geslag misken die belang van sorg vir bejaarde ouers, en sien hulle as 'n las eerder as 'n seën. Gevolglik word baie seniors na 'ouetehuise' verplaas en woon hulle in geskikte plekke. Dis nie ongewoon dat daar stryery ontstaan tussen ouers en hul kinders nie, veral oor geestelike sake en wanneer die ouer geslag nie opleiding gehad het om die jonger geslag se keuse te verstaan nie. Maar ten spyte van sulke verskille en hindernisse is dit steeds die jonger mense se verantwoordelikheid om ywerig vir hul ouers te sorg en so liefde en respek te betoon. Nalating van hierdie diens kan lei tot verlies van seën in jou lewe.

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## DIE HERE HET WONDERS GEDOEN!

Ek het gereed gemaak vir die laaste ontmoeting van die dag in Ooty, 'n stad in Suid Indië, toe ek 'n kommervolle oproep kry van my vriend se vrou in Vellore. In trane sê sy: "Liewe broer, my man, Mnr. Samuel Jayaseelan, beleef borspyn en is in die hospitaal. Hy het reeds 'n hartoperasie gehad en is nou te swak vir nog 'n operasie. Kom asseblief gou!"

Daardie nag nog het ek na Vellore vertrek en by die hospitaal gekom waar my vriend voorberei is vir 'n operasie, net voor hy in die teater ingegaan het. Diep besorg het ek my hand op sy kom gesit en gebid: "O Here, spaar my vriend tog hierdie operasie. Gee vir hom 'n wonderbaarlike genesing." Die dokters teenwoordig was skepties en ontmoedigend, maar ek het vas gestaan in my geloof. Ek het by my vriend gebly totdat hy in die teater ingestoot is, omring deur gesinslede wat al hoop verloor het.

Terwyl ek buite die teater gestaan het, het ek innig gebid en my vertroue in Hom gehou. 'n Uur later het die dokter uitgekom en ek het angstig gevra: "Dokter, hoe gaan dit met my broer?" Tot my verbasing het hy geantwoord: "Daar is nie rede vir 'n operasie nie. Daar is 'n verswakte klep wat met medikasie behandel kan word." God het my gebede verhoor en genesing gegee sonder 'n operasie.

Eer aan God wat steeds sulke wonders in ons lewens bewerk!

************

## 5. Werk teen God se Kerk nooi vloeke in!

**As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, ...** (1 Korintiërs 3:17). **Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie** (1 Korintiërs 10:32).

Die leerstellings oor die Kerk is diepsinnig en ryk in betekenis. Paulus benadruk dit so: **Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit,** ... (Efesiërs 5:32). En in Efesiërs 5:26-27 is geskryf: **Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik**. Dit is waarvoor Jesus Homself geoffer het. Hyself verklaar: ... **Ek sal my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie** (Matteus 16:18). Dit bewys die intense liefde wat die Here vir sy Kerk het, soos bevestig deur die prys van sy eie bloed. Daarom is dit duidelik dat God nie sal versuim om diegene wat sy Kerk wil vernietig, te straf nie.

Maar sommige beledig God se Kerk, ander plunder die Kerk se eiendom en nog ander beledig en kritiseer die leringe van die Kerk baie skerp. Daar is van God se kinders wat baie hard werk om siele vir Hom te red. Maar sommige bose persone kom in die Kerk, verwar die jong gelowiges en lei hulle weg van die Kerk om hul eie groep te stig. Sulke mense dien nie vir God nie; inteendeel, hulle verderf siele. Sommige huiwer nie om vals inligting oor die Kerk te versprei nie sodat hulle vernaam kan voel. God sal sulke bespotters nie verdra nie, maar beslis sê: **"Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat God se wet oortree** (Matteus 7:23). Hoe erg sal dit nie wees nie!

So, God straf enigeen wat sy Kerk en sy gesalfde dienaars wat Hy geroep het teenstaan. Die straf duur 'n leeftyd, en die vloeke loop deur in volgende geslagte. Dit is bevestig in wêreldse en Bybelse geskiedenis.

**Hier is 'n paar voorbeelde:**

1. Gehasi was die profeet Elisa se dienskneg. Elisa moes die Siriese leër se bevelvoerder genees van melaatsheid. Maar omdat Gehasi sy meester bedrieg het deur geskenke van Naäman te aanvaar teen Elisa se wense, is hy vervloek met melaatsheid en moes God se nabyheid verlaat. Sy nageslag het hierdie vloek geërf. So is dit geskryf in 2 Konings 5:20-27.

2. Ananias en sy vrou Saffira het hul eiendom verkoop met die doel om die geld te skenk vir die Here se diens. Maar omdat hulle oneerlik was daaroor het beide skielik gesterf (Handelinge 5:1-10).

God het mense, regerings en selfs koninkryke vernietig wat bedrog gepleeg en gehandel het teen sy Kerk en sy dienaars. Diegene wat God se getroue dienaars wat sy kudde moet versorg laat ly en swaar kry sal deur Hom gestraf word.

In my persoonlike ervaring in die bediening het ek dit eerstehands gesien. In die begin van my bediening het sekere persone geglo hulle kan my beskuldig sonder dat daar gevolge sal wees. Hulle het in my regeringskantoor ingestap en ongemotiveerde klagtes gemaak en my sleg gemaak voor my seniors. Hulle het vinger gewys, valshede oor my en my bediening versprei en my beangs laat voel. Maar God het by my gestaan en hulle ondergang bewerk. Sommige dwaal nou verward in die strate rond, ander het verval in armoede en baie van hul nageslag ly aan gebreke.

Onlangs het persone wat naby ons huidige kerk bly probeer om steurnisse en geestelike angs vir my te bewerk, en sommige het selfs fisies aggressief geraak. Hulle kon dit nie verdra dat ek my voertuig voor ons kerk parkeer nie. Weens hulle ontwrigtende gedrag moes ek die minibus wat vir God se werk gebruik was, goedkoop verkoop. Maar nou is hulle gepla met kroniese siektes en het vroeg gesterf. Sommige het intense konflik in hul gesinne beleef sodat hulle hul huise verlaat het en elders heen gevlug het. Lede van groter gesinne het baie uitdagings en terugslae teengekom sodat hulle hul eiendomme teen verlies moes verkoop en weggegaan het. Die eens verenigde familie is nou verstrooi oral in die stad. Die gevolg is dat niemand hier nou meer ons bediening teenstaan nie. Wie is hiervoor verantwoordelik en wat is die onderliggende rede?

**Oorpeins die volgende:**

## 7 SEWE GEBOOIE VIR OORGANG VAN VLOEK NA SEËN!

1) Bely jou beloof in die Here Jesus Christus en erken die offer wat Hy vir jou gemaak het.
2) Berou en laat vaar jou hardkoppige en sondige gesindheid en word gedoop.
3) Vergewe diegene wat jou benadeel het.
4) Bly ver weg van sataniese invloede en praktyke van afgodediens.
5) Vertrou in die vergifnis deur Jesus Christus en verlaat jou geheel en al op Hom. Soek sy vergifnis en bevryding deur sy bloed.
6) Neem deel aan dienste by 'n kerk waar mense Jesus Christus aanbid in gees en waarheid. Kies 'n kerk naby jou huis. Bly verbind aan Jesus Christus en skakel in by die kerk en die pastoor.
7) Lees gereeld die Bybel en bid, en dien die Here Jesus Christus op allerlei maniere.

*******

## Kind Attention!

**PR. S. SAM SELVA RAJ'S AUTOBIOGRAPHY!**

Ons is in die pylvak van die voltooiing en uitgee van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. **Ons vra vir julle getuienisse wat tot 10 lyne kan beslaan en wat vertel hoe God jou geestelike groei geraak het deur hierdie bediening.** Ons sal dit ook waardeer as jy 'n foto kan gee om in te sluit in die outobiografie.

- Redakteur

## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

**1. BIBLECOR** **Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th SEPTEMBER 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**